In terms of applications for social media, algorithms are used to collect data about users' usage patterns.

They are often criticised for creating echo chambers, serving to reinforce the ideas and preconceptions that users have.

"Even though algorithms are incredibly useful, you often find that they expose people to the same kinds of information, this includes even adverts for the same types of goods," says Britz.

"There is also the question of privacy with regards to how algorithms operate."



Photojournalist Roger Sedres shooting athletics at the 2016 Olympic games in Rio, Brazil.

PHOTO: Supplied



Digital journalist Erin Marisa Bates filming the Johannesburg skyline.

PHOTO: Supplied

Future forecast

While journalism may be going through an uncertain time, the future may not necessarily be grim for the field.

CPUT Journalism student Chantelle Hartebeest says she is optimistic about the future of her chosen career path. "Technology has made news more accessible to more people, it has given birth to many citizen journalists. I do see a bright future for journalism, it may become a more competitive field.

"Technology and journalism have always been dependent on each other," she adds.

Britz says: "Technology may cause certain jobs to be phased out, but it also creates new jobs."

“Moreover, I think the demand for journalism, good and proper, will always exist despite the challenges it may be facing, especially from social media.

“I for one enjoy reading long-form, in-depth articles, and will always be keen to purchase them no matter what form they may come in.”

Sedres says: “I look forward to the future, I cannot wait to see what more advances will be made with photographic equipment.

“Coming from where I started as a junior photographer, it is

almost unbelievable that I have access to something like a 360 camera,” he adds.

Bates says: “During the first few years of the introduction of TV, people believed that the new technology would completely destroy print media. That never happened.

“So I think that going into the future, newer technology will not be the end of journalism.

“News organisations, editors and journalists are going to have to find different ways of continuing the business of producing good quality news,” says Bates. ■

History: Technology & journalism in South Africa



Radio

- Regular radio broadcasts began on 1 July 1924, and were broadcast by Station JB in Johannesburg. This was followed by the Cape Peninsula Publicity Association in Cape Town on 15 September and the Durban City Corporation on 10 December of the same year.
- In 1927, millionaire Isidore Schlesinger buys the three stations, forming the African Broadcasting Company. This would later become the South African Broadcasting Corporation (SABC).
- In 1949, 30 minute programmes were broadcast in isiXhosa, seSotho and isiZulu, on both the Afrikaans and English wave services.



Television

- After the Meyer Commission of 1971 was launched to investigate the merits of the introduction of TV in the country, the government announced on 27 April that the SABC would provide TV services.
- The first test broadcasts started on 5 May 1975.
- On 5 January 1976 the first regular programming began, broadcasting 37 hours of English and Afrikaans content on two channels.
- On 31 December 1983, seTswana channel Bop-TV aired in then Bophuthatswana and was also available in Johannesburg.



Internet

- The first internet connection in the country was established in 1988 at Rhodes University.
- In the mid 1990s, the *Mail & Guardian* became the first newspaper to publish stories online.
- In 2016, the top three news websites were *News24*, *Timeslive* and *IOL*.
- Social media has become increasingly popular as a source of news, the latest statistics show that the country has: 13 million Facebook users; 7.4 million Twitter users; 8.28 million YouTube users; and 2.68 million Instagram users.

SOURCE: Media Studies: Media history, media and society by Pieter Jacobus Fourie 2007.
www.mybroadband.co.za



“Podcasts gaan die belangrikste platform word om idees te deel.”

- Gareth Cliff

Die waarheid sal seëvier op planeet *podcast*

’n Plek waar jy sonder oordeel jou mening kan lug, klink in vandag se tyd verregaande. Dit is nie.

Marius Boonzaier

Hiér kan jy sê net wat jy wil. Eerlik, en sonder sensuur.

Só sê Roman Cabanac, ’n aanbieder van *Renegade Report*-potgooi op Cliff Central oor potgooi-media.

“’n *Podcast* is nie aan enige sensuur onderworpe nie,” sê Cabanac, “ook nie aan enige klagtekommissie nie. Om jou reg tot vryheid van spraak uit

te oefen is fundamenteel vir *podcasters*.”

Bouwer Bosch, ’n Suid-Afrikaanse musikant wat onlangs sy eie potgooi, *Narratief*, op die been gebring het, sê dit beteken nie jy mag haatspraak pleeg nie.

“Die feit dat ons eerlik op *podcasts* kan wees is fenomeenaal,” sê Bosch.

“Dit maak *podcasts* ’n volwasse medium. Ek luister baie na *Renegade*

Report. Jy sal nie glo wat hulle alles daar kwytraak nie.”

“Hulle is só eerlik. Jy sal dit waaroor hulle gesels nooit in koerante lees of oor die radio hoor nie. Dit sal nooit gepubliseer word nie,” vertel Bosch opgewonde.

“’n Mens word op so ’n manier aan ander narratiewe blootgestel. Daarna



“Ek wil hê mense moet vir hulself kan dink. Op *Renegade Report* word niemand gesensor nie.”

- Roman Cabanac

moet jy self besluit of jy saamstem of nie.”

Volgens Cabanac word die luisteraar *red-pilled*. Hy beskryf dit as die oomblik wanneer ’n luisteraar ’n teenoorgestelde opinie as hul eie hoor en beseft dat dit wat hulle aanvanklik gedink het, verkeerd kan wees.

“Om hierdie rede is dit goed om na menings te luister waarmee jy nie noodwendig saamstem nie.”

“Maar,” beklemtoon hy, “jy benodig ’n gewillige luisteraar!”

Volgens Bosch is “die *great* ding daarvan” dat ’n luisteraar aan verskillende menings blootgestel word.

“Dit dien dus as ’n opvoedmiddel,” sê hy.

Cabanac meen wanneer ’n mens ’n potgooi het, moet jy bereid wees om jou

“Dit is hoe ’n mens by die waarheid uitkom.”

mening te lug en jou idees aan die wêreld bloot te stel. Hoe opspraakwekkend dit ook al is.

“Wanneer ek en my mede-aanbieder, Jonathan Witt, ’n gesprek op *Renegade Report* voer, praat ons eerlik oor dit waarin ons glo,” sê hy.

“Ek verstaan nie hoekom potgooiers oor veilige onderwerpe gesels nie. Ons gee nie regtig om of dit aanstoot aan

luisteraars gee nie.”

Bosch sê dit is in elk geval net woorde.

“Wanneer iemand iets oor my sê, is dit net woorde. Daar is geen mag daarin nie. Jy gee self mag daaraan.”

DJ Azuhl, aanbieder van *SA Hip Hop Fix*-potgooi, meen potgooie help mense om krities oor kwessies na te dink.

“Dit dien ook as die katalisator vir gesonde debatvoering,” sê Azuhl. “Dit is iets wat ons in Suid-Afrika benodig om ons demokrasie te bevorder.”

Volgens Cabanac is dit hoe ’n mens by die waarheid uitkom, deur gesprekke te voer met mense wat verskillende menings as jy het.

“Ongelukkig luister mense nie op sosiale media nie. Hulle kruip weg en skel op almal wat nie met hulle saamstem nie.



“Daar is geen perke aan die hoeveelheid,
of soort gesprekke wat gevoer kan word nie.”

- Gareth Cliff



“Hopelik kan *podcasts* dit oorkom.”

Cabanac meen potgooie is die beste manier om vryheid van spraak te bevorder.

Bosch stem saam.

Hoewel potgooie reeds ’n gevestigde medium in die Globale Noorde is, bly Suid-Afrikaners steeds *gaga* oor fm-radio.

“Sowat 90% van Suid-Afrikaners luister minstens een keer per week na tradisionele radio,” sê Ian Bredenkamp, ’n radio-omroeper.

“Ons demografie verskil wêreld van Westerse-lande soos Amerika, België en Frankryk. Suid-Afrika is ’n land van uiterstes. Daar is ’n klomp mense met ’n groot hoeveelheid geld en ’n klomp mense wat in armoede leef.”

Bredenkamp meen radio gaan nie gou die knie buig voor potgooie nie, aangesien Suid-Afrikaners graag na radio luister omdat dit bekostigbaar is.

Bosch glo potgooie “begin nou al hoe meer ’n ding raak”, maar dat dit nog so ’n jaar of twee gaan neem voordat dit algemeen voorkom.

Cabanac beaam dit.

“Ek dink nie *podcasts* is al gevestig in Suid-Afrika nie,” sê hy. “Ek hoop regtig meer mense wat dink hulle het iets om te sê begin hul eie *podcasts*.”

Volgens Azuhl is potgooie hier om te bly.

“*Podcasts* evolueer die healtyd,” sê hy. “Dit volg ook nie die norme van kommersiële radiostasies nie. Dit is hoekom dit hier is om te bly.”

Gareth Cliff, wat die aanlynradiostasie en potgooikern CliffCentral.com begin het, sê potgooie word nie soos kommersiële radio vervaardig om slegs uitgesaai te word aan wie ook al luister nie.

“*Podcasts* is oorspronklik. Jy kies die inhoud waarna jy wil luister. Só bly *podcasts* relevant vir die luisteraar.” ■



“*Podcasts* is lewensveranderend, want dit is gratis onderrig. Ek deel in gesprekke tussen van die voorste denkers in die wêreld.”

- Bouwer Bosch

Instagram



Username




♥ 101 likes

View all 50 comments

1 HOUR AGO

BREAKING NEWS FOR MILLENNIALS

HOW MILLENNIALS CONSUME NEWS



Social media may be changing the way young people read the news today. We find out how millennials consume news through social media

Marsha Leitch

Gone are the days when newspapers were delivered to your doorstep in the morning to be read with your fresh coffee. Today, social media delivers news with just a click of a button.

For many young adults between 18 and 25, the so-called millennials, it is important to stay up-to-date with the news, but how they do that differs from older generations.

A survey for *SMF* asked millennials how they consume news on social media and found that 48.9% said they do stay up-to-date with the news.

Social media editor at Media24, Aneeqa Emeran, says: “Millennials make up almost 18% of our readership and we’re more likely to believe that many of them stay up-to-date with current events. As a millennial myself, I like to be in the know about what’s happening and what’s affecting the country.”

Social media manager at *Netwerk24* Rene Lotter, adds: “Media seems to put greater focus on infotainment and tech news, maybe since this is what big news organisations focus on and since it generates clicks. Inevitably there is a lot more fluff news out there than the longer and complicated pieces.”

Sefako Mathibe (22), a BCom Honours in economics student at Stellenbosch University from Gauteng says: “I get most of my news from Twitter since it’s easier to use. I lose attention when reading a newspaper. After I’ve read the article on Twitter, I would google the article for a more accurate article.”

Tertia Mack (22), a postgraduate education student at Stellenbosch

University from Atlantis, says: “I enjoy the instant notifications I get on my phone to read the news and not having to sit down and watch TV as I am always on the go. Social media helps me stay up-to-date no matter where I go.”

Bye-bye newspapers

Although some millennials do read newspapers, the majority do not rely on them to obtain information. Instead, they turn to social media to tell them what is happening in the world around them.

Being engaged with social media has become part of their lives. The survey found that 60% of millennials come across news while doing other activities on social media.

They often get side-tracked with everything on the page, be it words in bright colours or adverts about, for example, “how to study at night without sleep,” says Arleen Stone, the former editor at Stellenbosch University’s student newspaper, *Die Matie*.

The survey found that 82.2% of millennials use Facebook as their source of news. It is easy and many are connected to this social media site.

Lotter says Facebook in South Africa is still big, so this would be the first site that millennials use to access their news.

Short snippets of news for the win

Emeran found that millennials definitely prefer short snippets of news.

Stone agrees with her. “The instant way of receiving information

from around the world creates the expectancy from millennials to constantly be updated on what’s happening, but with minimal effort from their side to go search on different sites.”

Lotter says the first few lines on mobile phone screens are what draw young people into the news. “If written in a way that would compel them to click, or if served up differently with a better news angle than other news sites, this will get them reading the news.”

Sometimes it is important to look at the topic of news, says Emeran. But that does not mean that feature articles do not have their place.

“If it is well-written and well-presented online, there is a great opportunity to make features as interactive as possible,” she says.

The “F” word

The survey also found that 73.3% of millennials know how to detect fake news. Fake news is very prominent on social media and knowing how to detect it is vital.

Emeran says that most millennials are savvy enough to check facts first. There are people from all generations who share news without checking facts, millennials included.

However, their friends would set them straight. Marvin-Lee Solomons (23), an art and design student at College of Cape Town, says: “Sometimes millennials feed off sensationalism more than real news but eventually they’d do their homework to check and see if the news is fake or not.”

Fact checking news

The survey found that 77.8% of millennials check to see if a news story is true.

Lotter says: “Fake news tends to be doom and gloom and millennials are generally not as doom and gloom as those who are 30 years old and up.”

Social media is what keeps young people hooked to their screens. It is easier to do things from a cellphone, be it asking a friend something or going out to see what is happening in their communities.

When it comes to breaking news, millennials are most likely to turn to their smartphones to see if the story is true or if the story is happening in their area, says Emeran.


The power of social media

The survey found that 62.2% of millennials say social media shapes the way they consume news. Some responses from the survey say the headline of a story helps millennials decide whether they want to read the story or not.

Stone says: “In a time of technological advancement we must meet the reader halfway to ensure that they remain enlightened but in a suitable manner and have access to news that is actually credible.”

Emeran says a fear of missing out (FOMO) makes people share news. Being the first person to share important news in a circle of friends is often a priority for some.

Adrian Bothma (24), a postgraduate education student from Mitchell's Plain, says: “Millennials want things faster and quicker than ever before. Walking to the shop to buy a newspaper will take much [more] time than finding the news on their phones.” A response in the survey sums up what millennials think about news: “Social media places the news around you without you even having to look for it. It manipulates the kind of news that comes your way because of algorithms that track what you click on most.



“Social media also makes news consumption a more social event, where people can comment, share, tag their friends and like posts. This brings news that would ordinarily sit ‘dead’ on a newspaper page to ‘live’ and allows you to interact with it with [and] others on a social network.” ■

How millennials responded to the survey question:

Do you think social media shapes the way you consume news?

- “The fact that news now available everywhere... you get snippets of it and it intrigues you to read more. It moves us away from the old newspaper form. You find everything on your phone, which saves time.”
- “Yes, because of algorithms.”
- “The headlines help me decide whether I want to read further or not.”
- “My attitude towards the news will depend, to an extent, on who shared the article.”
- “Using click bait (sometimes portrays wrong view).”
- “Social media can make news look attractive by presenting it in a way that catches one's eye or that has a catchy or interesting headline. News on social media also just pops up, so it is more in your face. You do not have to go look for it.”
- “Shorter, punchier news stories gain traction more quickly.”
- “It dictates what news we see, and the reaction we see are only from people we follow.”
- “It's what young people are most exposed to and how they get their information these days.”
- “How far info can be spread is affected.”

Klik hier:



Of blaai? Druk en digitaal bou saam aan handelsmerk-ervarings.

Tania Heyns

Nie te lank gelede nie het leefstyl-tydskriflesers uitgesien na die dag wanneer hul maandelikse uitgawe op die winkelrakke verskyn het, maar in die digitale era is dit nie meer die geval nie.

Voorste tydskrifte soos *rooi rose* en *SARIE* is nie meer net 'n gedrukte tydskrif in die hand nie, maar elke dag op die skerm van jou slimfoon, skootrekenaar of tablet beskikbaar.

rooi rose is nou 'n "groot gemeenskap" en *SARIE* is nou die "*SARIE*-wêreld", verduidelik *rooi rose* se Michelle Nortjé en *SARIE* se Annemie Lombard, digitale redakteur.

Lombard verduidelik dat dit lankal nie meer net 'n tydskrif in tydskrif-formaat is nie, maar eerder 'n "hele ervaring". 'n Nuwe 360 grade-benadering word in tydskrifte toegepas. Gedrukte media sowel as digitale media word gebruik om die handelsmerk van elke tydskrif uit te brei.

rooi rose se aanlynwebtuiste is die afgelope agt jaar al op dreef met 'n volwaardige aanlynleserskap en kenmerkende inhoud. Michelle Nortjé is al die afgelope vyf jaar digitale redakteur en sê dat die webtuiste veral die afgelope twee jaar aandag geniet.

"Ons het die webtuiste meer verbruikersvriendelik en aktief gemaak. Ons sit elke dag nuwe artikels op, dis deel van ons 360 grade-benadering waar ons die webtuiste as deel van die tydskrif verbind."

Nortjé vertel dat waar tydskrifte vantevore syfers in die vorm van Facebook- of Twitter-volgeling nagejaag het, dit nie meer van belang is nie. Nortjé glo dat dit

nou baie belangrik is om die leser te betrek. Dit is wat die leserskap laat toeneem. "Dis vir ons belangriker om met ons lesers te kommunikeer. Dis om te hoor wat hulle vir ons sê, wat hulle wil hê en hulle daarop te antwoord."

Lombard stem saam. "Ons gaan na waar die gehoor is en ons praat dáár met hulle." *SARIE* spog sedert 2011 met 'n webtuiste. Hul webtuiste het teen 2015 die "klikke" toenemend laat inrol. "Ek dink nie daar is 'n tydskrif wat aanlyn nié nodig het nie," sê Nortjé.

"Hulle skiet hulself in die voet. Ek kan ook nie dink dat so 'n tydskrif sal oorleef nie. Ons leef in 'n digitale wêreld. Lesers verskil. Lesers verander. Lesers se behoeftes verander. Lesers het nie altyd tyd om 'n tydskrif deur te blaai nie. Die mark verskil. Ons aanlynleser is ook nie ons tydskrifleser nie."

Lombard glo alle tydskrifte het tog deesdae 'n aanlynteenwoordigheid. "Dis so 'n natuurlike ding, dit is waar die gehoor is."

Aanlyn verskil van die gedrukte eweknie in inhoud en leserskap. Die tydskrifleser het eenvoudig meer tyd.

rooi rose vertel dat hul aanlynleser gewoonlik óf 'n sakevrou óf 'n jongmens is, wat vinnig sy of haar inligting wil hê.

rooi rose en *SARIE* is nie die enigste tydskrifte in Suid-Afrika wat toenemend 'n digitale skuif ondergaan nie. Die engelse mark se *Cosmopolitan* is een van die eerste Suid-Afrikaanse tydskrifte wat aanlyn gegaan het. Dis 'n besluit waarop die redaksie baie trots is.



Sarah Browning de Villiers, *Cosmopolitan* se adjunkredakteur, vertel dat *Cosmopolitan* dieselfde handelsmerk bly, ongeag waar die leser dit lees.

“Ons het een identiteit, een styl en een leser oor alle platforms.” Hul leser is die “26-jarige, beroepsgerigte, gedrewe en onafhanklike Suid-Afrikaanse vrou,” beklemtoon sy. Waar tydskrifte meer uit indiepte-artikels bestaan, is die aanlyn inhoud kort en op die vrou af. Die inhoud lyk ook anders.

Nortjé verduidelik dat *rooi rose* korter en vinniger skryf, wat gevolglik makliker lees. Dit word gedoen deur “vinnige wenke, kolpunte, trekaanhalings, foto’s, video’s en gallerie” wat die webtuiste meer interaktief maak. Gedrukte tydskrifte bied nie hierdie geleenthede nie. Vir praktiese doeleindes, word artikels opgebreek met meer onderskrifte.

rooi rose gebruik ook *slang*-woorde wat in onderhoude gebruik word, wat nie van die persoon wat ondervra word, se karakter wegvat nie. Tydskriflesers is egter meer konserwatief. “’n Mens skryf anders en kom met meer weg” aanlyn, vertel Nortjé. Browning de Villiers vertel dat *Cosmopolitan* aanlyn ook kort, vinnig en interaktief vir hul leser skryf.

Vir *SARIE*, gaan dit “oor die klik”. Lombard glo “digitaal moet so geskryf word dat mense gaan klik”. Die groot fokus is om mense aan te spoor om oor te gaan tot aksie. Woorde soos “klik hier:” en “lees hier:”, betrek die leser. Meer aandag word ook aan die uitdink van opskrifte vir die artikels geskenk. Lombard verduidelik dat *SARIE* se webtuiste die leser vra om te lees maar ook om saam te gesels.

Nes mededinger *rooi rose*, is hul inhoud aanlyn baie korter. Laataand en naweke is *SARIE* aanlyn se artikels weer langer, aangesien lesers dan tyd het. “Ons pas absoluut al die inhoud altyd aan vir die leser. Dit is baie leser-gedrewe.”

Vir *rooi rose* én *SARIE*, skryf die hele redaksie vir druk én digitaal. Die afdelings in *rooi rose* is ook dieselfde afdelings aanlyn en word deur dieselfde joernaliste geskryf. Elke persoon op *SARIE* se redaksie lewer elke dag ’n digitale bydrae. “Hulle skryf vir

Ek kan nie
dink dat so
’n tydskrif
dit sal
oorleef nie.
Ons leef in
’n digitale
wêreld.
Lesers
verskil.
Lesers
verander.

SARIE die handelsmerk, nie net vir die tydskrif nie,” verduidelik Lombard.

Omstredenheid oor die toekoms van drukmedia is onvermydelik. Wanneer sy uitgevra word oor die onderwerp, sê Nortjé sy glo dat “digitaal nie gaan oorneem nie” en daar altyd plek sal wees vir ’n tydskrif.

“Die mediawêreld is in ’n moeilike situasie omdat niemand eintlik weet wat om aan die digitale ding te doen nie. Totdat ons balans gevind het, dink ek daar is definitief plek vir altwee. Tydskrifte kom al aan vir baie jare, ek kan nie sien hoe dit tot ’n einde gaan kom nie.” Browning de Villiers glo dat digitaal nie die gedrukte tydskrif kan naboots nie. Dis twee verskillende ervarings, wat in geheel ’n ervaring skep. Sy glo dat druk-tydskrifte egter harder gaan moet werk en innoverend gaan moet dink.

Vir Lombard is dit ’n kontroversiële vraag. “Daar sal beslis altyd ’n tydskrif wees. Deesdae fokus tydskrifte nie meer net op druk of digitaal nie, maar eerder die handelsmerk as geheel.” Sy voeg by dat lesers verskil van die gedrukte tydskrif en die webtuiste.

Die *SARIE*-tydskrif word deur mans ook gelees, waar die webtuiste 90% deur vroue gelees word. Lombard vertel dat Facebook ’n ouer leserskap lok, wat baie uitgesproke is en graag saam gesels. *SARIE* se Instagram- en webtuistevolgeling is weer jonger.

En wat van die geleenthede wat video vir aanlyn inhoud? *rooi rose* aanlyn is ’n groot aanhanger van video. Video’s word gebruik vir agter-die-skerms onderhoude met voorbladvroue en vir mode-, skoonheid- en kos tutoriale. *SARIE* gebruik soms video, maar bieg dat hoewel dit ’n groot tendens is, dit tydrowend is. “Solank inhoud interessant, vermaaklik en informatief is, werk dit. Dit maak nie saak watter platform gebruik word nie,” vertel Lombard. Lombard verwys hierna as die “drie goue reëls”.

Druk of digitaal? Vir *SARIE* is dit nie meer die een teenoor die ander nie. Lombard vertel dat dit ’n verouderde opinie is en werklik nie meer in die bedryf geglo word nie. Of dit nou in druk of aanlyn gedoen word, dit word in “*SARIE*-styl” gedoen.

Dit is nié die een of die ander nie. ■



Van TOEKA tot televisie



Die televisie is een van die wonderlikste tegnologiese uitvindings van die vorige eeu. Met net die druk van 'n knoppie kan jy geskiedenis herleef, die toekoms vooruitloop en as't ware ander mense besoek. Ons gesels met die span agter *Huisgenoot Ware Lewensdramas* om te sien hoe drukmedia omgeskakel word na 'n televisieprogram.

Martinette Hay



FOTO'S: Huisgenoot

Die medialandskap in die 21ste eeu is aan die verander. Mense wil graag eerder iets sien as lees en televisie is 'n doeltreffende manier om stories vas te vang en te bewaar vir die nageslag.

Só sê Leonie Fourie, vervaardiger van *Huisgenoot* se splinternuwe reeks, *Ware Lewensdramas*. In dié reeks herleef kykers dié eeu-oue tydskrif se dramatiese en ikoniese stories. Hulle besoek die mense agter die stories, gesels met kenners,

en *Huisgenoot*-joernaliste vertel hoe hulle oor die jare gewerk het aan dié lewendramas wat die land aangegryp het.

Stories soos die Griekwastad-moord; die Protea-krieketkaptein Hansie Cronje se lewe en tragiese dood; die Springbokrugbyspeler Joost van der Westhuizen se stryd met motorneuronsiekte; Chris Barnard wat die eerste hartoorplanting uitgevoer het; en die onopgeloste moord op Inge Lotz, kom weer onder die loep in dié program.

Drukmedia versus televisie

Om 'n storie aan te pas van drukmedia tot 'n televisieprogram is 'n lang proses en kan baie tyd neem. "Dit kan jare vat omdat daar intensiewe navorsing gedoen moet word. Ons moet ook mense in die hande kry en hulle ooreed om op kamera te verskyn," sê Fourie.

Volgens Jana van der Merwe, 'n *Huisgenoot*-joernalis, is die groot verskil tussen gedrukte media en televisie dat jy op televisie kan vertel hoe jy 'n gebeurtenis beleef het.

“Jy kan persoonlike ervarings deel wat jy nie in ’n artikel kon skryf nie. Jy kan vertel wat jy glo daar gebeur het en meer insig gee.”

Volgens Almari Wessels, nuusredakteur van *Huisgenoot*, was dit vir haar “interessant om deel te neem aan die reeks en om indieptevrae te kon beantwoord.”

Uitdagings van televisie

Van der Merwe geniet die nuwe uitdaging. “Ons as joernaliste is gewoonlik nie die storie nie. Ons skryf net die storie.



Dit is baie spanningsvol, maar dit is ook lekker om oor jou werk op ’n ander medium te praat.”

Volgens Wessels is dit makliker om haar stories te organiseer as sy skryf. “Dit is ’n uitdaging om jou gedagtes te rangskik as jy praat en om seker te maak dat jy alles in die regte konteks plaas.”

Die meerderheid van die stories wat in die reeks herleef word, is emosioneel van aard.

Volgens Van der Merwe was dit nie altyd maklik om aan dié program deel te neem nie. “As jy jouself as joernalis regtig inleef, gaan jy dit nie maak nie. Dit is uitdagend om terug te gaan en die skok, stres en druk te onthou waardeur jy gegaan het.”

Fourie sê dit is nie altyd maklik om mense te kry om by te dra tot die reeks nie omdat baie mense dink die reeks soek net sensasie. “Ons probeer mense oortuig dat ons nie gaan hamer op die slegte goed nie. Ek wil eerder met eerlikheid die storie vertel.”

Die enigste manier om die program ’n sukses te maak, is om “mense gerus te stel, beter te laat voel en te los met ’n

goeie gevoel”, sê Fourie.

“Ek probeer altyd op ’n dieper vlak die pyn van die mense verstaan en vir die publiek die storie vertel deur steeds die mense se gevoelens in gedagte te hou,” sê Fourie.

“Ons stuur ook vir die familieledede of die betrokke partye die episodes voordat dit op televisie verskyn om seker te maak dat hulle gelukkig is.”



Vervaardiging van die reeks

Fourie vertel dat hulle grootliks gebruik maak van skermgrepe uit ou *Huisgenoot*-artikels en ander Media24-koerante en -tydskrifte vir die visuele materiaal van die reeks.

“In sommige van die onlangse stories gebruik ons ook video’s omdat joernaliste deesdae meer video’s as voorheen maak.”

Sommige van hulle ander beeldmateriaal word deur familie en vriende van die betrokke partye verskaf.

Hulle moes ook regshulp inkry tydens die vervaardiging van die program om seker te maak dat hulle by die regters se uitsprake hou.

“Daar is soveel slaggate waarin ’n mens kan trap in elke storie, maar dit is belangrik om net by die feite te bly.”

Om seker te maak dat die storie nie net ’n herhaling van al die vorige nuusdekking deur die media is nie, betrek die vervaardiger kenners en probeer onderhoude voer met mense met wie daar nog nie voorheen oor die onderwerp gepraat is nie.

In die episode oor die koning van harte, Chris Barnard, het sy dogter,

Deirdre Barnard Visser, persoonlike inligting van haar pa vertel waarom sy nog nie voorheen gepraat het nie. “Karin [Berman, Barnard se eks-vrou] het nie voorheen onderhoude toegestaan nie, maar sy was bereid om te praat,” sê Fourie.



Die toekoms van televisie

Volgens Fourie gaan televisie as medium baie nou saam met aanlynmedia en dit is deesdae baie meer toeganklik. “Baie mense kyk aanlyn televisie en nie meer op die tradisionele manier nie.”

Wessels sê dit sal tot enige nuusinstansie se voordeel strek om ’n televisiekanaal in die toekoms te hê, soos wat Media24 die VIA-kanaal op DStv het, omdat dit mense se belangstelling van vooraf prikkel.

In die verlede het joernaliste meestal net geskryf, maar met die digitale era is dit nodig vir ’n joernalis om aanpasbaar te wees.

“As joernalis moet jy enigiets kan doen. Jy moet baie veelsydig wees en selfs bereid wees om op televisie te verskyn,” sê Wessels.

Volgens Waldimar Pelsler, aanbieder van kykNet se *Verlag in Gesprek* en redakteur van *Rapport*, het hy nooit gedink hy sou op televisie verskyn in sy loopbaan nie.

Hy is van mening dat regstreekse televisie-uitsendings vir joernaliste die geleentheid gee om die waarheid uit mense te kry omdat hulle op kamera moet reageer sonder om vooraf oor die antwoorde te dink.

“Televisie is baie meer emosioneel en kan selfs die manier hoe mense oor iets dink verander.” ■



1



2



3



4



5



6



7

Photos taken by the class of 2017



8



9



10



11



12

1 Lead vocalist Nthabiseng Sentso performs with jazz band African Rhythm Productions at the GUS Gallery (Photo: Christina Pitt). 2 Stilts performer Lebohlang Litsili at the Fantastic Grifizzi Brothers Circus (Photo: Tegan Mouton). 3 Afro Dandy Cape Town social club opening (Photo: Vonani Ngomana). 4 A man carries a placard at the Zuma Must Fall March in April 2017 (Photo: Andy Kohrs). 5 Temba Thozoti performing with Mango Groove at the 2017 Woordfees festival (Photo: Paula-Ann Smit). 6 Lwando Nkamisa and Maxwell Mlangeni confront Dean Dart during the Nazi-poster saga (Photo: Ayn Parrott). 7 Tess Van der Walt sings at the annual Sêr competition held in the Endler Hall (Photo: Christina Pitt). 8 Excited runners at the start of the 2017 Colour Run in Stellenbosch (Photo: Aidan Jones). 9 Maties swimmer Emma Chelius makes SA team in Budapest (Photo: Andeline Wieland). 10 Thousands march on 6 May 2017 in Cape Town for the full legalisation of cannabis (Photo: Aidan Jones). 11 Chris van der Linde beckons circus attendees to the circus show (Photo: Andy Kohrs). 12 Hundreds gather in February 2017 to participate in a Colour Run in Stellenbosch (Photo: Dalaine Krige).

shooting across generations

Shrinking newsrooms, retrenchments and salary cuts. These are some of the things that accompanied the dawn of the digital and social media era. Three photojournalists from different generations tell their stories and explain how the changes have impacted their careers.

Andy Kohrs

Children build a makeshift trampoline out of old mattresses in Nyanga, an informal settlement outside of Cape Town. With the lack of communal play areas and structures, children find amusement among themselves. PHOTO: Courtney Africa



Kayelitsha - The city of Cape Town built communal toilets in the townships. The community try and beautify the structures. They offer a sort of play area for kids who jump from one to the other. PHOTO: Courtney Africa



Christiaan Kotze (54)

From photographing Madiba, to being a photographer at four Rugby World Cups and two Olympic Games, veteran photojournalist and award-winning sports photographer Christiaan Kotze has done it all.

Kotze has nearly 25 years of experience as a photojournalist and has witnessed many changes in the news industry. Not all of these changes, according to Kotze, have been good.

“You know, with the quality that is in smartphones today and having everybody on social media it is very difficult to produce quality work. Everybody wants everything right now. There’s no time to produce a good piece of photographic work and get it out there with the amount of editing that needs to be done.”

According to Kotze, social media

has “buggered” up his and many other photographers’ careers.

“I was retrenched because of social media and the advent of camera phones. Because everybody who wants to be a photojournalist gives their photography away for free.”

Despite his retrenchment in 2014, Kotze still works as a freelancer and has an impressive portfolio of work. One of his greatest images is a black-and-white film photograph taken of late former President Nelson Mandela “waving to the people of Riemvasmaak” in the Northern Cape through the circular windows of his aeroplane.

“I also got a photo of Usain Bolt,” he mentions casually.

Asked about issues faced while in the field, Kotze refers to his contemporary and friend, Kevin Carter from the Bang

“I was retrenched because of social media and the advent of camera phones. Because everybody who wants to be a photojournalist gives their photography away for free.”

Bang Club, as an example. “The picture won him a Pulitzer but that scenario haunted him so much that he [was pushed to take] his own life,” he says.

Kotze delves into his own experience at the memorial service of cricketer and fallen star Hansie Cronje. After gaining access to the hall, Kotze spotted Shaun Pollock, South Africa’s cricket captain at the time, crying and emotionally embracing Cronje’s widow.

“I immediately picked up my camera to shoot [...] and as I looked through the camera, both of them looked at me and, without saying a word, they asked me not to take the photograph. I did not take the photograph,” he says, adding that it probably made him a bad photojournalist.

Besides travelling and working next to and photographing former President Nelson Mandela, Kotze cites photographing the victorious Springboks in France at the 2007 Rugby World Cup as a highlight of his career.

Felix Dlangamandla (41)

For Felix Dlangamandla, being a photojournalist is more than just snapping a quick pic. It is about “telling a story through pictures” and “documenting history”.

Giving the example of the photos he captured at Marikana, he explains: “It was a very difficult story to shoot but I managed to get frames that are now going to be history. If some of us were not there, those images wouldn’t have been known.

“It’s just history. And I’ve done other major things. I’ve been everywhere, I’ve been to Syria, I’ve seen kids walking around with AK-47s,” he says of the photos he took on 16 August 2012.

A follow-up image of candles and crosses on Marikana’s hill won

Dlangamandla the Standard Bank Sisivile Award for the best feature photograph in 2013.

Like many other journalists, Dlangamandla has borne witness to the struggling news industry and says photojournalists have also been affected. “We [Media24] went through retrenchments. I’m the only photographer still in the Jo’burg office for *Beeld* and *Netwerk24*. We used to be about six guys,” he says.

According to Dlangamandla, news outlets will often rather make use of wire agencies and freelancers, or simply “anyone who is there” who then loads their photo up onto social media.

Despite this, Dlangamandla feels that social media has helped him in some ways. He explains that he used YouTube to learn how to edit videos. “I take more videos now, which is another thing I’ve just learned now. If it wasn’t for social media I wouldn’t have taken videos.”

Dlangamandla candidly discusses dealing with the effects of the high-stress job: “As much as you speak amongst each other, tell friends, family members, you need a professional person, someone completely unbiased. Otherwise you won’t survive.”

The photojournalist also has strict policies in place, which he applies when approaching a story. “I create a line. I’m not going to be part of anything that happens. Even if it’s a child that’s crying in front of me.

“The moment I start getting in, hugging the child, picking up the child looking for its mother...I’m not telling a story.”

Courtney Africa (35)

Although newer to the industry, Courtney Africa from Cape Town already has 10 years of photojournalism

experience in the bag. After studying a diploma at the Cape Peninsula University of Technology, he made his debut as a photographer for the tabloid newspaper, *Die Son*.

For Africa, social media is not the enemy. "Social media has taught us to be more competitive in the market. It has helped us because now we have more eyes and ears out there. I wouldn't say that it has replaced [photojournalism]. The accuracy and intention of photojournalism is not there [in citizen journalism] at all."

Despite this, Africa does acknowledge social media's pitfalls. He notes that although he uses multiple social media platforms himself, "once [a photo] is on social media it's free-for-all".

He also believes the issue of the monetisation of photojournalism remains a problem. According to Africa, people who give away their photos to news outlets "do hurt our industry" but he feels that it happens mainly due to a lack of education.

"People don't know [they] can actually

make money off of this and that it can be purchased but the news agencies also know that."

To Africa, no singular moment on the job stands out. "There are so many. There are many memorable moments that I wouldn't actually call memorable. Some are things I don't want to remember," he says laughingly.

Rather than dwelling on the ethics behind photojournalism, Africa expands on the effects of photographing dire circumstances. "Your job [as a photojournalist] can definitely change you, if you're not wary.

"I think I drank a little bit more. There were things on my mind when I used to go home. I realised I needed to take control. Many have started drinking, being angry [and] leaving their jobs."

A picture of an undocumented foreign national and his two crying children being escorted by police is Africa's favourite photograph and it also the one that gained him a Vodacom regional leg of the annual awards. ■

An expert weighs in

Jenny Gordon (62), photojournalism lecturer at the School of Journalism and Media at Rhodes University, believes the future of photojournalism will be an uphill battle.

"I know from my past students that it is very hard to earn a living. You can't just do photojournalism. You have to do a wide variety of things.

"I think the biggest change [in the industry] is that people think anyone can take a photograph. There's a superficial understanding of how photography works as a professional medium."

According to Gordon photos that are just snapped "don't communicate much".

"To take something that clearly communicates something that happens, feelings or emotions [...] that is much more difficult and takes time."

Gordon adds that photographers are still "very well paid" in commercial advertising. "That's because they are the best technicians, the best communicators."



PHOTO: Etienne Burger

Christiaan Kotze



PHOTO: Supplied

Felix Diangamandla




PHOTO: Supplied

Courtney Africa



Late former President Nelson Mandela waves at the people from Riemvasmaak in the Northern Cape through the windows of a military helicopter after unveiling new clinics in the area.
PHOTO: Christiaan Kotze



An undocumented foreign national is arrested along with his children after being part of a protest with other foreign nationals. The man clings onto his children before being loaded into a police van.
PHOTO: Courtney Africa



Mine workers chant songs and carry weapons while gathering outside Nkaneng informal settlement near the Lonmin mine in Rustenburg in North West. They demanded a wage increase from their employers.
PHOTO: Felix Dlangamandla

What lead you onto the path of photojournalism?

FELIX: I think I was in grade 10 [when] I saw photographers during the news. I asked my granny: 'How can I do that?' I studied photography at the Vaal Triangle Technikon which is now Vaal University of Technology. That was 1998 to 2000.

COURTNEY: I was actually interested in fashion photography. My second choice was landscape. After I studied I couldn't make money out of landscape and the fashion industry was extremely difficult to get into but there was a job opening at Media24 at *Die Son*, a tabloid newspaper.

CHRISTIAAN: I studied in the mid-80s and studied interior design. Architecture and photography were two of my subjects. Photography eventually took over and I had the chance to do some sport photography in the late 80s and that sort of led me to photojournalism.

In an era where everybody has a smartphone, how do you distinguish your work?

FELIX: There's a huge difference between someone who's a photographer and someone who just clicks away. You've got to have the skill, an eye, the technique. I think our brains are anti-clockwise.

COURTNEY: Distinguishing ourselves? For me there is no comparison. The photojournalist goes into it with the intention of 'I want to tell a story'. The intention is what distinguishes me.

CHRISTIAAN: The only way that I can do it, is to have a better-quality photograph from a reputable camera. My way that I look at a photograph as a journalist, the photo-story telling capability, is the only way I can distinguish my pictures from Joe Soap who is a blogger from somewhere.

What camera do you use at the moment and has that changed throughout your career?

FELIX: I'm a Canon fan, through and through. I have a Canon 1DX. I started on a Pentax K1000.

COURTNEY: At the moment a Nikon D3 and Nikon D600. My first camera was a Canon. It was actually a film camera. We had to purchase a film camera for our first year of studies. Although, I think my first actual camera was probably just a point-and-shoot.

CHRISTIAAN: I use a Nikon D4S and a Nikon D810. My first camera was a Pentax K1000 which was completely manual. You still had to do the metering yourself, you had to focus with your hands [and] you had to put the film in it.

How would you describe your style or genre?

FELIX: If you were to look at my pictures - they tell a story. They say [photos] tell a thousand words. I need to go beyond that. I need you to be there.

COURTNEY: From what you can see, I like to get close and get in there. I want to show people things that they won't see - what it's like to be at the front line, in the people's faces. You'll see a lot of my photos are close-ups.


CHRISTIAAN: Hard news and feature kind of work was the work I did most of the time but for the last 17 years I've changed into a sports photographer.



Era van die multimedia-joernalis

Eens op 'n tyd het joernaliste óf geskryf óf uitgesaai.
Dit was die een of die ander. Nou doen hulle sommer
iets van alles, boonop nog digitaal ook.

Marli van Eeden



Joernaliste moet aanpas by die veranderende omstandighede van die medialandskap in die 21ste eeu. Dit is deesdae die oorkoepelende narratief, die medialandskap in die 21ste eeu is aan die verander en joernaliste moet leer om veelsydig te wees om sodoende te verseker dat hulle bly en nie gly nie.

Die media is aan die verander

“Digitale nuus is hier om te bly, dis ’n feit soos ’n koei,” sê Hanlie Retief, profielskrywer by *Rapport* en deesdae ook aanbieder van die televisieprogram *’n Halfruur met Hanlie*.

Suzaan Steyn, verslaggewer by *Kyk-NET Verslag*, stem saam en verduidelik dat die veranderende medialandskap telkens beteken dat joernaliste hul werk verloor omdat hulle nie by die veranderende omstandighede kan aanpas nie.

Steyn bied die radioprogram *Rand en sent* op RSG aan en was voorheen onder andere ’n nuusleser op SABC2

“Dit is so belangrik om die heeltyd by te bly, nuwe vaardighede aan te leer en ’n verskeidenheid goed te kan doen,” voeg sy by.

“Vandag word die media digitaal, hoe weet ons wat môre of oor ’n jaar, of selfs oor 10 jaar, gaan gebeur?”

Veelsydigheid is die gonswoord

“’n Mens kan nie dink jy hoef net een ding te doen nie. Die wêreld verander so vinnig; sewe jaar gelede was daar byvoorbeeld nog nie iets soos sosiale media nie,” sê Steyn.

Toast Coetzer, joernalis by die reistydskrif *Weg* en aanbieder van die televisieprogram *Weg! Agterpaaië*, stem saam: “Dis al lankal, om nie eens van nou te praat nie, belangrik om jouself as joernalis op verskillende platforms te kan aanwend.”

Retief beaam dit. “Ek het dié week al gewerk aan navorsing vir ’n boek, ’n onderhoud gehad met ’n rektor, ’n politikus, ’n sakeleier en ’n oudskoonheidskoningin. As jy nie veelsydig is nie, sou jy jou maar teen Vrydag al kon begrawe,” sê Retief, wat ook al as skrywer naam gemaak het.

Le Roux Schoeman, verslaggewer en hoof van multimedia by *Netwerk24*, beaam dit.

“Dit was nog nooit nadelig om veelsydig te wees nie. Die persoon wat nie net ’n goeie storie kan skryf nie, maar ook self foto’s of video’s kan neem, is meer geneig om aangestel te word in die bedryf.”

Schoeman sowel as Coetzer meen dat video al belangriker raak.

“Dit is ’n hulpmiddel om ’n storie beter te vertel. Video is visueel en as mens na die statistieke van YouTube en Facebook kyk, is dit duidelik dat video al gewilder raak,” sê Schoeman.

Hy voeg ook by dat dit joernaliste se verantwoordelikheid is om hul vaardighede op te skerp en dat niks ’n mens keer om self nuwe vaardighede aan te leer nie.

“Ek is basies ’n beginner wanneer dit by video-redigering kom, hoewel ek dit nou al vir 10 jaar doen. Ek was nie filmskool toe nie. Ek het net twee weke

se opleiding en die res moes ek maar self in die veld leer.”

Coetzer beklemtoon dat joernaliste gereeld vaardighede moet aanleer en sê dat studente die hulpbronne wat hulle tot hul beskikking het, moet gebruik terwyl hulle kan.

“’n Mens vergeet eintlik hoeveel geleenthede jy het as jy ’n student is. Gaan bied jou dienste by die universiteit se koerant of die kampus radiostasie aan om ervaring op te doen. As jy gelukkig is, is daar iewers televisie-toerusting by die joernalistiekdepartement waarmee jy jouself kan bekwaam, sodat jy weet hoe ’n videokamera werk. Doen internskappe oor die vakansie.”

Skep geleenthede, dink soos entrepreneurs

“Ons sien hoe die media besig is om te verander, gedrukte media is al meer in gevaar en daarom is dit nodig om jouself die heelyd oop te hou vir geleenthede wat verbykom,” maan Steyn.

“Ons leef in ’n land waar jy soos entrepreneurs moet begin dink. Soms moet jy jou eie geleenthede skep.”

Steyn gebruik as voorbeeld ’n gesondheidsprogram oor emosionele gesondheid, *Gesondheid Sonder Grense*, wat sy destyds self uitgedink en voorgelê het. Sy was verantwoordelik vir die program en moes self borge soek.

“Dit is vreesaanjaend, maar jy móét die heelyd vir jouself nuwe werk skep en jou oor op die grond hou. Jy moet *network*, sodat wanneer daar geleenthede verbykom, mense van jou weet.”

Elma Smit, aanbieder op SuperSport en televisieaanbieder van die program *Buite die lyn* beklemtoon ook die belangrikheid van entrepreneurskap.

Smit het haar loopbaan afgeskop by die kampusradiostasie Mfm waarna sy verskeie geleenthede aangepak het, onder andere by *Netwerk24* en die ontbytprogram *Dagbreek*.

“Jy moet beslis leer om sakegeleenthede te kan identifiseer. Dis net eenvoudig kortsigtig om nie ’n bewussyn vir die besigheidsaspekte te ontwikkel nie.

“Ek dink hierdie beroep leen hom

“As jy nie veelsydig is nie, sou jy jou maar teen Vrydag al kon begrawe.”



by uitstek aan mense wat innoverende, dinamiese *early adopters* is.”

